University of Pretoria etd – Reyneke, C J S (2005)

# 1 NAVORSINGSNARRATIEF

> An Indian man sits quietly in the Heathrow Airport Terminal. He seems to look at something inside himself and his eyes are empty, inward looking. After a couple of days the terminal staff starts to notice him and ask what is he doing, why does he not go out and leave the terminal like all the other passengers? He answers that he has flown from Bombay to London and is now waiting for his soul to arrive. (Antilla 1995:77)

Hierdie navorsing gaan ten diepste oor die proses waardeur mense gaan wanneer hulle vir hulle siele wag om te arriveer. Dit gaan oor die proses van losmaak van die verlede en die toekoms aangryp, dit gaan oor balans vind tussen dit wat was en dit wat kom. Dit gaan oor die aanpassing van ‘n gesin nadat hulle na Nieu-Seeland verhuis[1] het.

Aangesien hierdie navorsing vanuit ‘n narratiewe perspektief gedoen is, is dit belangrik dat die verloop van die studie in gedagte gehou word.
Ek begin dus met hierdie hoofstuk wat die verhaal van die studie weergee. Hierdie narratief dien as inleiding tot dit wat in die res van die proefskrif volg. Die sake wat aangeraak word is later meer volledig aan die orde gestel.

Belangriker is die feit dat die verhaal van die studie, die navorsingsnarratief, konteks skep. My verhaal word ook ter sprake gebring in ‘n poging om subjektiewe integriteit te vestig. Die feit dat my gesin en ek self deur die proses van ‘n verhuising na Nieu-Seeland gegaan het skep noodwendig ‘n raamwerk waaruit ek die verhaal van die medenavorsers benader. Daar bestaan ‘n gevaar dat ek eie ervaring sal laat voorrang geniet bo die verhaal van die medenavorsers. Aan die

[1]‘Mense wat oorsee verhuis het’ en ‘immigrante’ word afwisselend gebruik aangesien almal wat in Nieu Seeland bly nie noodwendig immigrante is nie. Sommige het slegs werkspermitte, ander het verblyfreg en ander het burgerskap ontvang.

ander kant is ek op hierdie manier nader aan die medenavorsers en het beter begrip van die konteks van hulle verhaal.

Refleksief[1] gaan my eie posisie, my reaksie tot die navorsing en my interpretasies voortdurend ondersoek word en weergegee word.

Mag hierdie navorsingsnarratief insigte verbreed en uitdaag tot nuwe moontlikhede.

## 1.1_ **Persoonlike narratief - Begin en Verandering**

Binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap en gemeente loop ek baie voorbeelde raak van manne wat beperk lewe. Manne wat onseker en onvergenoeg is, wat vasdraai in huweliksverhoudinge, manne wat vlug na die bottel, vriende en seks. Manne wat skuil agter aggressie, rigiditeit, bombasme en bravade.

Hulle word verlam, deur wat van hulle verwag word, deur wat hulle dink van hulle verwag word. Sy status nie meer gereserveer - die vrou is geëmansipeer. Hoof van die huis (buig of bars) of abdikeer (afwesig, pateties)? Om vennoot te wees het min geleer.

Hulle is vergroei in tradisie en Afrikanerkultuur wat in hulle are vloei - deur moedersmelk gevoed. Aan die ander kant verstrengel in die eise van 'n nuwe wêreld waar niks meer dieselfde is nie en elke dag nog verandering bring. Wat verkeerd was is nou reg, wat waarheid was is nou miskien. 'n Wêreld van baie waarhede, van akkommodasie, van bestaan sonder dat daar 'n vyand hoef te wees.

Hulle is verskeur tussen 'n Westerse beskouing van die lewe en die hartklop van Afrika, tussen eerste en derde wêreld.

Heteroseksueel, homoseksueel, biseksueel, metroseksueel - wie of wat is die man?

Hulle kry hartvatsiektes omdat hulle emosionele vaardighede min is, hulle stres baie is, hulle minderwaardigheidsgevoel groot is, hulle moed om hulp te vra klein is.

---

[1]Refleksief is 'n term wat nie die selfde betekenis het as refleks (outomatiese reaksie) of as reflekterend (oordenkend, terugkaatsend) nie, maar meer 'n kombinasie van die konsepte. Dit het 'n element van wederkerendheid.

Deel van ‘n groep wat die politieke muishond van die wêreld was (dra steeds die apartheidslas?!), deel van ‘n groep wat die vrou verontreg het, deel van ‘n groepskuldgevoel.
En ek, ook ‘n man wat beperk lewe.
Dit het my daartoe gebring dat ek besluit het om navorsing te doen oor diskoerse wat beperkend inwerk op die Afrikaanse man en sodoende hom vervulling op vele terreine van die lewe ontneem. In hierdie tyd maak ek kennis met die narratiewe benadering - tot praktiese teologie, tot pastoraat, tot die lewe. Ek vind aanklank daarby, dit pas my persoonlikheid, ek is opgewonde oor die moontlikhede wat die benadering bied. Ek besluit om my navorsing ook te doen vanuit ‘n narratiewe perspektief.

Dit was nie maklik nie. Die ou paradigma waarin ek geskool is, was en is so diep in my dat dit tyd gevat het om die ou paradigma uit my sisteem te kry en die nuwe benadering deel van my te maak. Mens is egter van jongs af deeglik geskool in die dissiplines van die modernistiese paradigma en dus sal daar steeds spore van hierdie benadering in hierdie navorsing te bespeur wees.

Omstandighede bring groot verandering. Die volgende dagboekaantekeninge verduidelik ons belewenis in Suid-Afrika wat gelei het tot ons verhuising na Nieu-Seeland.
[1]***Dit het alles begin*** *by 'n besige dag en 'n landloopbyeenkoms. Tussen twee vergaderings (waarvan die tweede ter wille van my 'n uur later gereël is) wou ek my dogtertjie gaan ondersteun. Daar was genoeg tyd begroot, alles gaan net reg uitwerk. Met minute oor voordat ons moet vertrek na die byeenkoms kom ek by die huis in. Die hardloopbroekie is weg, ons skarrel en soek en vertrek op die ou einde met die tweede beste broek.*
*Die byeenkoms is gereël by 'n terrein in 'n natuurreservaat - baie mooi. By die hek aangekom staan daar 'n lang ry voertuie. Die byeenkoms gaan oor tien minute begin. Die gebrek aan vordering is omdat die organiseerders van die byeenkoms nie vir die mense by die hek laat weet het dat hekgelde by die inskrywingsgeld ingesluit is en later as geheel betaal sal word nie.*
*Deur die hek en op pad na die terrein sien ons rooibokke. En dan om die volgende draai is die*

[1]Kursief gedrukte lettertipe dui op navorser of medenavorsers se persoonlike vertellings.

*natuurskoon verkrag deur ŉ KFC plastieksak, boksie en bene wat deur iemand net daar langs die pad uitgegooi is.*

*Ons kom by die terrein aan toe die byeenkoms moes begin. Daar gaan nog niks aan nie. Die hooforganiseerder staan en eet die laaste stukkies vleis van ŉ KFC hoenderboudjie af en gooi die beentjie oor sy skouer weg terwyl hy verduidelik dat ons net geduldig moet wees, die byeenkoms sal nou begin. Die wegspring word gemerk. Twee skoolhoofde kom ŉ kwartier later aan met ŉ bakkie en ŉ sak kalk en begin die bane uitmeet - die 2km vir die juniors en die 7km vir die seniors. Intussen arriveer daar drupsgewys atlete van die ander sewe laerskole wat deelneem.*

*Ek raak opgewerk omdat die tyd uitloop en ek graag my kind wil ondersteun. Sy raak senuagtig omdat ek geïrriteerd is.*

*ŉ Uur nadat hulle moes wegspring, kom haar groep eers aan die beurt. Ons vertrek dadelik en sy moet saam met my vergadering toe gaan want daar is nie tyd om haar by die huis te gaan aflaai nie. Sy kom in vir die Saterdag se groter byeenkoms.*

*Ons benader die Saterdag met ŉ oop gemoed. Dit is ŉ streeksbyeenkoms, baie meer skole, dit is op die weermaggronde, dit gaan ŉ byeenkoms wees wat by die pragtige dag waarop dit gehou gaan word, gaan pas. Groot was die teleurstelling toe hierdie byeenkoms presies dieselfde patroon as die vorige een volg. Daar is nie beamptes gereël nie en ouers en onderwysers spring vrywillig in om op draaipunte te staan - anders was daar niemand. My kind geniet die wedloop. Terwyl ek na die klomp gefrustreerde ouers luister besef ek daar is twee keuses:* ***Aanvaar die manier hoe dinge gedoen word, of kom uit die sisteem uit.*** *Aanvaarding gaan help om rustiger te wees, dit meer te geniet en nie voortydig ŉ beroerte of hartvatsiekte te ontwikkel nie. Maar wat beteken dit om uit die sisteem te klim? Wat is daar buite die sisteem? Hoe is dit buite die sisteem?*

***Eintlik het dit veel vroeër begin.*** *Dit het begin by ŉ tamheid om positief te bly te midde van gesprekke wat altyd swartgallig is. ŉ Stryd om te bly glo dat tyd gaan help om onreg van die verlede te herstel sonder dat daar ŉ klomp nuwe slagoffers langs die pad bly lê. ŉ Opregte poging om die suksesverhale te vertel as teenvoeter vir growwe veralgemenings en rassisme wat aangeblaas word deur oordrywing van alles wat negatief is. Die risiko om deur familie en gemeenskap verstoot te word omdat jy deel van "hulle" is. Die verbete stryd om behoud van integriteit sodat jy geloofwaardig genoeg bly om steeds gehoor te word. Die oorweldigende*

*uitdaging om tussen ŉ blanke en ŉ nie-blanke wêreld te ossilleer. Om beide kante te sien, te beleef en beide kante se begronding van hul lewensiening te verstaan. Om te besef hoe ver hierdie lewensienings van mekaar verwyder is. Om by ŉ maande-oue baba se skielik gegroude graf te staan, in die maanskyn onder die sterre, met byna geen naasbestaandes behalwe die ouers nie. Nog ŉ nag vir die lykie in die yskas kos meer as ŉ dag se loon - hulle kan dit nie bekostig nie. Die kind moet daardie aand nog begrawe word. Daar was nie tyd om ander mense te laat weet nie. Verwese huil ŉ ma terwyl ŉ dronk oom haar baba in die gat sit en toegooi. Ouma sing saggies ŉ ou geestelike liedjie. Tien minute later sit ek in ŉ konsert in die stadsaal - mense betaal meer vir die kaartjies as wat een nag se yskasgelde is.*

*Dit het vroeër begin. By ŉ vrees dat al die doemprofete dalk tog reg is. Dalk is daar tog nie vir ons kinders ŉ toekoms in Suid-Afrika nie. By voortdurende veranderings aan ŉ onderwysstelsel met goeie teorie en baie potensiaal. Maar wat skipbreuk ly as gevolg van kortsigtige politiekery, ŉ gebrek aan ondersteuningstelsels en vloedgolf van kritiek en negatiwiteit. En ons kinders ly daaronder. Ons kinders se skoolopleiding is al minder werd.*

*Dit het gegroei in die vrugbare teelaarde van ŉ onderliggende spanning waarmee ŉ mens saamleef. Veiligheid, vryheid van beweging en gemoedsrus het rare kommoditeite geword waarvoor ŉ mens moes betaal, wat ŉ mens moes elektrifiseer, waaroor ŉ mens gedurig moes waak. Die onsigbare bose bedreiging het gelei tot oorreaksie, tot ŉ wantroue in alle mense wat nie aan hierdie kant staan nie. ŉ Wêreld waarin dit moeiliker word om die sorgvryheid van kinders te beskerm.*

*Ek en Anél*[1] *het met mekaar gesels oor hierdie belewenisse. ŉ Paar weke na die laaste landloopbyeenkoms sien sy ŉ advertensie in ŉ mediese tydskrif van ŉ dokter wat ŉ locum soek in Nieu-Seeland. Ons stuur ŉ e-pos en kry ŉ baie negatiewe reaksie van die Maori dokter. Ons stuur die e-pos aan ŉ tweede dokter op 29 Augustus 2002. Ons kry ŉ belowende praktykprofiel terug en begin korrespondeer.*

*Skielik het ons besef dat die proses nou tot op so ŉ punt gevorder het dat ons dit vir onsself moet uitmaak hoe ernstig ons is oor die weggaan.*

*In hierdie tyd trakteer Anél ons op ŉ storieboekweek by die High Rustenberg Hydro op*

[1]Daar is nie skuilname gebruik vir die navorser, Jaco, en sy vrou, Anél, nie - hulle identiteite kan in elk geval sonder veel moeite vasgestel word.

*Stellenbosch. 'n Geleentheid wat beplan en voor gespaar is lank voordat die groot trek ter sprake was. 'n Geleentheid wat ons rustige tyd saam en voor God gegee het om te dink, te redeneer en te besluit.*

*Die vreemdste gedagtes kom by my op gedurende hierdie besluitnemingsfase. So byvoorbeeld, het ek 'n hartspook wat al jare by my is. My oupa en my pa is jonk dood aan hartaanvalle - my pa was maar 36 gewees. Is ek die volgende een? Hoe regverdig sal dit wees om die gesin oor te vat en dan staan ek daar en doodgaan. Sal hulle my daar begrawe of veras en terugbring? Maar die besluit om te gaan is standpuntinname teen 'n fatalistiese erkenning en aanvaarding van my hartspook. My sterfdatum is in 'n Hoër Hand en my gesin wat sal agterbly ook.*

*In hierdie tyd het ek al meer en meer net die negatiewe van die Suid-Afrikaanse samelewing om ons raakgesien. Dit het doelbewuste pogings gekos om 'n gebalanseerde siening te handhaaf. Die ander kant van die munt is dat my optimisme oor dit wat moontlik voorlê in toom gehou moes word. Ons het mekaar bly herinner dat ons nie op pad is hemel toe nie. Die ander wêreld sal ook probleme, frustrasies en irritasies hê.*
*Maar hoe sal ons weet as ons nie gaan kyk en gaan beleef nie? Ons kan nie op grond van ander se ervarings 'n permanente besluit neem nie. Ons het besef dat ons moet gaan, dit ervaar en dan 'n besluit neem. Indien ons gaan emigreer, weet ons waarvoor ons onsself inlaat. Indien ons terugkom Suid-Afrika toe sal ons anders wees. Ons sal die onveranderbare gegewene aanvaar, met groter ywer probeer verbeter waar ons kan en weer ons plek kom volstaan in die land van ons geboorte.*

Ons kom die 6de April 2003 in Nieu-Seeland aan.

'n Groot besluit wat ook my studies beïnvloed. Ek verander van tema en besluit om die invloed van 'n verhuising na die buiteland op gesins- en familieverhoudinge na te vors.
Ek begin 'n dagboeksoortige opteken van die proses en my belewenisse. Ek vra ook vir Anél en ons moeders om dieselfde te doen.
Die nuwe reis het begin. Ons verhaal se volgende hoofstuk is vol verandering.

## 1.2 Posisionering van Navorsing

Van die eerste vrae wat 'n navorser, maar veral 'n narratiewe navorser homself/haarself moet afvra is: Waar staan ek? Wat is die raamwerk waaruit ek verder gaan werk?
In die eerste plek moes ek myself posisioneer t.o.v. die tydsgees (sien 2.1). Is postmodernisme 'n modewoord? Indien nie, hoe beïnvloed postmodernisme my en ook my medenavorsers? Wat lê die sterkste in ons - modernisme of postmodernisme?

Gou het dit duidelik geword dat hede, verlede en toekoms altyd in verband staan met mekaar. Om modernisme in konteks te plaas was dit nodig om te probeer verstaan wat die premoderne tyd behels het. Die premoderne gaan oor in die opwindende tyd van die modernisme met die gepaardgaande optimisme oor dit waartoe die menslike verstand in staat is. Modernisme word gekenmerk deur wit en swart denke, 'n tyd waarin kennis en objektiwiteit ingebed in 'n fundamentalistiese model hoogty gevier het. Die individuele kenner is geïdealiseer en realiteit is vasgevang in rasionele strukture.
Maar na die Tweede Wêreldoorlog is die wêreld ontnugter deur die sekerhede van modernisme en postmodernistiese beskouings vat pos. In lyn met 'n postmoderne perspektief het ek onder die indruk gekom dat dit onmoontlik is om postmodernisme vas te vat en op te som. Daar is net te veel variasies, te veel alternatiewe interpretasies. Aan die hand van 'n paar denkers is gepoog om 'n greep op die gees van die tyd te kry. In die kern van die saak staan vir my die kwessie van realiteit/waarheid.
Ek kom tot die gevolgtrekking dat die realiteit en waarheid daargestel word deur sosiale konstruksionisme en dat die narratief 'n onmiskenbare rol speel in die konstruksie van realiteit.
Voordat oorgegaan is tot 'n ondersoek van sosiale konstruksionisme het ek kortliks gekyk na konkrete fenomene in en rondom ons wat met postmodernisme in verband gebring kan word.

Dit was opwindend om sosiale konstruksionisme te ontdek en beter te verstaan (sien 2.2). Dit bied interessante perspektiewe op menswees (die self), die samelewing en die dinamika agter en verstaan van verskillende standpunte in die samelewing. Hierdie deel van die navorsing het ek persoonlike baat by gevind en groot verandering in my

benadering tot die lewe gebring.

Hoewel my navorsing tot op hierdie punt baie stimulerend was, het ek bewus geraak van ‘n ongemak in my. Die invloed van teologie in die samelewing, het sedert die premoderne tyd drasties afgeneem. Daar was gebeure wat die integriteit van die Christelike geloof en van Christene skade berokken het.
Sommige leiersfigure in die kerk het geloof tot eie gewin misbruik, soms was daar net ‘n gebrek aan insig en dikwels het die mens ewe arrogant gedink dat God die mens se verdediging en regverdiging nodig het. Wat ook al die redes, die geloofwaardigheid en legitimiteit van die kerk en die teologie het oënskynlik gekwyn.
Die postmoderne spirituele oplewing vind meer op ‘n algemene en mistieke vlak plaas. Die Christelike geloof is dan maar een van vele maniere om uiting te gee aan die spirituele dimensie van die mens.
Sosiale konstruksionisme het die potensiaal om alles so te relativeer dat daar geen sprake van die normatiewe karakter van die openbaring van God, soos veral in die Bybel vervat, is nie. Dit en twee persoonlike verledeverhale het my laat besluit op ‘n teologiese begronding met ‘n redelike sterk klem op die Woord (sien 2.3).

Die eerste verhaal wat gelei het tot ‘n fokus op die Woord gaan oor ouma Sannie se invloed op my lewe en my geloof. Ons was altyd naby aan mekaar. Sy was ‘n besondere mens, ‘n toegewyde gelowige en het haar geloof binne die Spadereënse Geloofsending uitgeleef. Die Spadereënse Geloofsending splinter van die Apostoliese Geloofsending af in 1927 onder leiding van Maria Martha Fraser omdat die AGS besig sou wees om geestelik te verkoud en omdat sondes en wêreldgesindheid al meer na vore sou kom. Ouma Fraser, soos sy genoem is, het o.a. na aanleiding van Ester 8:15 in die Nederlandse Bybel onder oortuiging dat die vroue tydens weeksdae blou en op Sondae wit rokke moet dra en die mans ligbruin pakke. Vandaar die algemene benaming in die volksmond - “Blourokke”. (Vosloo 1991)
Deur ouma Sannie het ek voortdurend vrae oor my geloof gevra.

Op 22 Desember 1983 skryf ek as vyftienjarige:
*Ek weet nie wat om te doen nie. Ek het vanmôre by ouma gaan tee drink. Ons het oor*

*Godssake gepraat. Ek is verward, my gemoed is swaar. Baie mense se bekering is aangehaal. Ook het tannie Margaret haar lewensverhaal vertel. Haar ma wat in Duitsland Sondagskool gehou het, het vir hulle van swart sondige harte vertel, asook van wit rein harte. Dit het hulle aangegryp. Die gemiddelde ouderdom was 6,7,8. Toe kom daar 'n evangelis by die dorpie aan. Haar ma het hom vertel van die kinders wat ook hul harte aan die Here wil gee. Die evangelis het hulle in rye laat staan. Elkeen moes sy sonde bely. Onder andere, sê sy, het sy besef dat sy hoogmoedig was en sy het dit bely. Daarna het die evangelis saam met hulle gebid. Daar het 'n heilige vrede in hulle harte gekom. Hulle het deur die strate gehardloop en vir almal vertel hul harte behoort nou aan Liewe Jesus. Langsamerhand het sy ongelukkig geword. Die vrede in haar hart was verflou. Dit het so erg geword dat sy gebid het dat as sy nie binnekort weer vrede vind nie, en weer geluk ervaar nie, sy niks meer met God of godsdiens te doen wou hê nie.*

*Die eerste Spadereënse geloofshuis het toe in Duitsland tot stand gekom. In haar eie woorde: "Die verantwoordelike persone daar by die geloofshuis het 'n aanduiding gekry van God dat die duiwel besig is om my in te sluk. Hulle het vir my ouers gesê ek moet dadelik geloofshuis toe kom. Eers wou ek nie, maar toe gaan ek. Daar het ek voor 'n getuie bely - al my sonde van my kleintyd af. Die ou vrede was terug. Ek het altyd toe ek klein was my oom se vrugte gesteel. Toe stuur ek vir hom 'n brief met 'n sekere bedrag vir die vrugte.*

*Hulle het bly hamer dat jy jou sonde voor 'n getuie moet bely, andersins bly die sondeband steeds daar. Skrifgedeeltes is opgenoem waar staan: bely aan mekaar. 'n Mens moet jou sonde voor 'n betroubare getuie bely en dit in die "lig" bring andersins help dit nie veel nie. Hoekom nie? Hy sê in Hebreeus of Grieks word bely geskryf as "gemeenskaplik praat oor" iets. Hy sê as daar iets is wat pla moet ek na ouma toe gaan. ....... Oom Werner sê ek moet glo en bid en lees, wat ek doen, maar die belangrikste is om voor 'n betroubare getuie te bely. Dan sal ek saamgaan as Jesus kom. ........... Ek is bedruk en my gemoed is vol lood. Wat is die regte Pad?*

So het vele geloofstemas oor die jare ter sprake gekom: geloofsekerheid, buitengewone gawes van die Gees, lofprysing, heiligmaking ens.

Telkens het dit teruggekom na die Woord, die normatiewe aard van die Woord, asook

die eksegetiese raamwerk wat gebruik word wanneer die Woord gelees en verstaan word.

Die ander verledeverhaal wat my daartoe gebring het om die Woord binne die postmoderne konteks te ondersoek, is die pastorale begeleiding van ‘n gemeente waarin al meer vrae t.o.v. die Skrif ontstaan het a.g.v. debatte wat in die media gevoer is deur eksponente van die sogenaamde Nuwe Hervorming, die kerk en akademici, asook die uitsprake van die mense van die Jesus-seminaar. Ek wou nie goedkoop antwoorde gee wat skuil agter heiligheid wat nie bevraagteken mag word nie. Ek wou werkbare perspektiewe help ontwikkel wat sinvol en nie lewensvreemd is nie. Een van die beskuldigings was dan juis dat die kerk die waarheid vir die lidmate weggesteek of verkrag het.

Verskeie preke, besprekings, kategesebesprekings, Bybelstudies, wyksbyeenkomste en persoonlike gesprekke is daaraan bestee. In ‘n poging om billik te wees en nie ‘n karikatuur van die standpunt van die Nuwe Hervormers te maak nie, is ‘n opname (van net meer as twee ure) verkry van ‘n debat tussen prof Sakkie Spangenberg en Dr Eduan Naudé (as verteenwoordigers van die Nuwe Hervorming) en prof Adrio König en Dr Izak Burger (as verteenwoordigers van die hoofstroomstandpunt). Slegs vyftien minute van die debat is vroeër gebeeldsend. Die debat het as vrugbare besprekingsmateriaal gedien.

Die saak het ook op Ringsvlak en Sinodale vlak aandag geniet.

Nadat uitgebreid aandag gegee is aan die Woord se toepassing in die huidige postmoderne tydsgewrig, is gepoog om verbande te trek tussen postmoderne konsepte (die gawe, godheid, die gemeenskap) en teologiese eweknieë. Logies hieruit voortvloeiend is ‘n kykie op die geloofslewe in ‘n postmoderne samelewing.

Gelowiges en die kerk behoort nie terug te deins vir die denkwêreld van die postmodernisme nie. Die versoeking moet weerstaan word om postmodernisme te demoniseer. Dit dwing die postmoderne mens in ‘n kunsmatige skeiding van die lewe en geloof. Andersyds bestaan die gevaar dat die postmoderne mens vervreem word van ‘n gesonde, dinamiese, lewegewende geloofslewe en die kerk. Die feit dat die

hoofstroomkerke al meer lidmate en veral skokkende persentasies jong lidmate verloor behoort as waarskuwingsteken erken te word en as uitdaging aanvaar te word. Die sinvolle bydrae wat postmodernisme kan maak moet oorweeg word.

## 1.3 Metodologiese Oriëntasie

Vrae wat 'n navorser noodwendig ook moet beantwoord is die vrae t.o.v. sy/haar metodologiese uitgangspunte.
Die breër raamwerk vir die studie is die praktiese teologie. Gevolglik is daar opsommenderwys gepoog om 'n oorsig van die ontwikkeling van die vakgebied te gee(sien 3.1). Met verwysing na Müller, Browning en Viau is meer breedvoerig aandag gegee aan die narratiewe benadering as beoefening van Praktiese Teologie. Narratiewe Praktiese Teologie bied die ruimte waarin vele benaderings en paradigmas bymekaar kan kom - sake soos refleksiwiteit, prakties-teologiese wysheid, die 'van onder na bo' benadering, postmodernisme, ens. kan dus so tot hul reg kan kom.
Dit is veral in die narratiewe pastoraat waar die voordele van 'n narratiewe benadering tot die Praktiese Teologie in 'n postmoderne wêreld sigbaar word.

Prakties-teologiese wysheid is 'n baie handige en sentrale konsep vir 'n narratiewe beoefening van praktiese teologie asook vir narratiewe navorsing binne die praktiese teologie (sien 3.2). Die modernisme het wegbeweeg van die mondelinge na die geskrewe, van die spesifieke na die universele (universeel geldende), van die lokale na die algemene (wat in alle kontekste waar moet wees), van die tydgebonde waarheid na tydlose waarheid. (Brueggemann 1993:5) Postmodernisme beweeg weer terug, maak wetenskap meer menslik en persoonlik. Daar word weer aandag gegee aan die mondelinge, die spesifieke, die lokale en tydgebonde. In hierdie konteks kom praktiese, deurleefde kennis en ervaring tot sy reg - dit is spesifiek, tyd-, konteks- en persoonsgebonde. Hierdie praktiese en deurleefde kennis en ervaring kan prakties-teologiese wysheid genoem word. Prakties-teologiese wysheid is die gevolg van 'n produktiewe wisselwerking tussen praktyk en teorie.
Prakties-teologiese wysheid dra 'n tweeledige klem. In die eerste plek is praktiese

wysheid ter sprake. Selfs die industriële en ekonomiese sektore besef dat praktiese kennis, ervaringskennis, van onskatbare waarde is. Dit gaan dus oor proefondervindelike kennis, om te weet wat werk en wat werk nie. Dit gaan ook oor kruisbestuiwing wat tussen mense plaasvind om mekaar se praktiese wysheid voortdurend uit te brei.
Die tweede fokus van prakties-teologiese wysheid is die teenwoordigheid van God. Wat is die invloed van die teenwoordigheid van God (openbaring en huidige verhouding) op praktiese wysheid? Vanuit 'n narratief-teologiese perspektief beskou is die pneumadimensie van die gelowige die punt waar die (Goddelike) Storie, of die Verhaal, deurbreek in menslike verhale. Dit is die punt waar die verlossingsverhaal insny in die mens se verhaal en sodoende vir die mens 'n nuwe toekomsverhaal moontlik maak. Die pneumadimensie van die mens maak dit moontlik dat God se horison en die mens se horison kan versmelt. Wanneer hierdie twee horisonne versmelt ontstaan prakties-teologiese wysheid.

Narratiewe navorsing (sien 3.3) val onder die breë kategorie van kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe navorsing poog om die aard van individuele ervarings op 'n nie-voorskriftelike manier te verstaan. Klem word geplaas op menslike gedrag en ervaring om die proses van betekenistoekenning aan ervaring te ondersoek en dan die gevolglike betekenis te beskryf. Daar word gepoog om die leser te bring tot 'n empatiese verstaan van fenomene op 'n spesifieke plek en tyd deur middel van 'n ryk beskrywing. (Engelbrecht 1998:205)

Drie groot verskille (behalwe die groottes van die steekproewe) tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is dat kwantitatiewe navorsing neig om te probeer verklaar en kwalitatiewe navorsing probeer verstaan; die persoonlike rol wat die navorser in kwalitatiewe navorsing speel teenoor die onpersoonlike rol in kwantitatiewe navorsing. Die laaste verskil is dat kennis in kwantitatiewe navorsing se geval ontdek word en in kwantitatiewe navorsing se geval gekonstrueer word. (Engelbrecht 1998:206)

Kwalitatiewe navorsing formuleer nie hipoteses wat dan geverifieer of as vals bewys word nie. Dikwels word 'n algemene navorsingsprobleem geformuleer en algemene

vrae t.o.v. die probleem gevra. (Leedy & Ormrod 2001:148) Kwalitatiewe navorsing is sistematiese, volhardende navorsing wat strategies, dog aanpasbaar, binne ‘n sekere konteks gedoen word. Refleksiwiteit is ‘n voortdurende aksie wat impliseer dat die navorser introspektief nadink/reflekteer en dat hierdie oordenking teruggevoer word in die navorsingsproses. Daar word gesoek na sosiale verklarings vir intellektuele raaisels. Hierdie verklarings behoort tot ‘n mate veralgemeenbaar te wees. Belangrik is ook die feit dat die navorsing op ‘n etiese manier gedoen word. (Mason 1996)

Kwalitatiewe navorsing bly nie los gedefinieer nie. Soos die studie vorder verbeter die insig t.o.v. die fenomeen wat ondersoek word. Dit beteken dat meer spesifieke vrae gevra kan word. Dit beteken ook dat die kwalitatiewe navorser dikwels onseker is t.o.v. die presiese metode wat gevolg gaan word. ‘n Algemene benadering word toenemend spesifiek namate die studie vorder en sekere vrae (temas) na vore tree as fokus. Kwalitatiewe navorsing verg dus deeglike voorbereiding en behoorlike beplanning ten einde al die moontlike dimensies van ‘n potensiële studieveld te dek. (Leedy & Ormrod 2001:148)

Narratiewe navorsing veral, kan nie hipoteses formuleer wat getoets word nie.

> It does not work like that in narrative inquiry. The purposes, and what one is exploring and finds puzzling, change as the research progresses. This happens from day to day and week to week, and it happens over the long haul as narratives are retold, puzzles shift, and purposes change. (Clandinin & Connelly 2000:73)

Dit is ook ‘n realiteit dat sekere temas eers met die verloop van die navorsing hulleself na vore dring en dan aandag geniet. (vgl Leedy & Ormrod 2001: 148; Clandinin & Connelly 2000:73 waar uitkristallisering van doel van ‘n studie as proses beskryf word)

Met behulp van metafore is gepoog om verskillende rolle binne die navorsingsproses te definieer (sien 3.3.1). Narratiewe navorsing is ‘n aksie, maar baie meer as aksie-navorsing. Narratiewe navorsing self het ook ‘n eie narratief. Die navorsingsnarratief self moet dus ook in ag geneem word. Binne hierdie navorsingsnarratief kan al die

deelnemers (almal wat betrokke is by die studie) met die metafoor van akteur of aktrise beskryf word.

Die narratiewe navorser is ook 'n fasiliteerder vir die ontstaan van kennis en ook die verstaan van 'n situasie. Die navorsing-as-fasilitering metafoor bring ons ook by die navorsing-as-verantwoordelik metafoor.

Die narratiewe navorser is verantwoordelik teenoor hom-/haarself, die medenavorser(s) en die breër navorsingsgemeenskap. Die navorsing moet dus eties bo verdenking wees en spreek van akademiese integriteit.

Hierdie verantwoordelikheid lei tot sekere uitgangspunte (sien 3.3.2) soos die oningeligte posisie, respek, temporaliteit, kontekstualiteit, persoon-spesifiekheid en tentatiwiteit.

Hierdie verantwoordelikheid beteken ook dat die narratiewe navorser ernstig en voortdurend aan navorsingsetiek en die etiese in die algemeen aandag moet gee (sien 3.4). Narratiewe navorsing bied unieke etiese uitdagings wat nie deur 'n vooraf uitgewerkte protokol gedek kan word nie. Soos die navorsing ontvou bestaan die moontlikheid dat daar enige tyd 'n etiese kwessie kan ontstaan. Een van die grootste uitdagings is waarskynlik vertroulikheid.

Aanvanklik is die ABDCE ("Action, Background, Development, Climax, Ending") model van Anne Lamott, vir die skryf van fiksie, wat deur Müller et al (2001) uitgewerk is as raamwerk vir narratiewe navorsing, gebruik.

Die nuutste ontwikkeling is egter die Postfundamentele Praktiese Teologie ("Postfoundationalist Practical Theology) wat Müller (2004) uitgewerk het aan die hand van Wentzel van Huyssteen se "Postfoundationalist Theology"[1].

Postfundamentele praktiese teologie (PfPT) het sewe bewegings onder vyf opskrifte: Konteks en geïnterpreteerde ervaring; Tradisies van interpretasie; God se teenwoordigheid; Verdik/verryk deur interdissiplinêre ondersoek; Wyer as die plaaslike gemeenskap.

Die groot winspunt van die PfPT is die pertinente aandag wat geskenk word aan God se teenwoordigheid.

PfPT is gekies as raamwerk vir hierdie navorsing aangesien dit 'n sinvolle integrasie van

[1] Van Huysteen, J.W. 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology.* Grand Rapids, Michigan:Eerdmans

die narratiewe benadering met praktiese teologie is. (Sien 3.3.3)

## 1.4 Naspeuring van ‘n Verhaal

Vanuit hierdie raamwerk, etiese riglyne en paradigmatiese uitgangspunte is veldnavorsing gedoen.

### 1.4.1 Uitnooi van Medenavorsers

In Mei 2003 nooi ek twee gesinne, wat beide binne ses maande vantevore vanuit Suid-Afrika in Nieu-Seeland aangekom het, uit om deel te word van die navorsing. Die omvang van die studie is verduidelik, die metode, die duur en alle relevante etiese aspekte soos vertroulikheid. Die een gesin het op daardie stadium deur emosionele- en aanpassings-skommelinge gegaan en het besluit om nie deel te neem nie.

Die Vermaak[1] gesin (Wessel (41), Alet (38) en hulle drie besondere kinders: Adriaan (13), Deon (10) en Janet (4)) het geantwoord: *Ons wil graag deelneem aan jou studie. Maar ons storie is nie so spesiaal nie. Ook is ons skrywers talent nie so goed nie. MAAR my storie is 'n Loflied aan die Here. Die hele storie het 'n dik goue draad van God se genade.*

Die gesin is al vir ‘n aantal jare goeie kennisse van ons. Hoewel dit sommige kwessies kan kompliseer het ek besluit dat dit ‘n pluspunt vir die studie is, veral omdat dit ‘n narratiewe ondersoek is. Dit was moeiliker vir die navorser om ‘negatiewe’ interpretasies te maak en daar moes voortdurend bewustelik gelet word op navorsingsintegriteit.
Tydens ‘n narratiewe ondersoek ontstaan daar in elk geval verhoudinge op verskillende vlakke en in die meeste gevalle vriendskappe, as gevolg van die intensiteit en duur van

[1] Alle name is verander ter wille van vertroulikheid.

die navorsing.

Daar is bepaalde voordele verbonde aan die feit dat die medenavorser(s) vooraf aan my (die navorser) bekend was. Daar was onmiddellik 'n vertrouensverhouding en 'n gemaklikheid. Dit beteken verder dat ek makliker, gouer en beter verstaan het wat die medenavorser(s) se konteks is. Ek het ook begrip gehad t.o.v. hulle verledeverhaal. Omdat ek oor kennis en insig in hulle verhaal beskik het wat buite die ooreengekome verhouding tussen navorser en medenavorser(s) verkry is, was dit voortdurend van kardinale belang dat daar goeie en oop kommunikasie tussen ons moes wees. Gereeld is hulle gevra of hulle gemaklik is met die proses asook dit wat in die navorsingsverslag neerslag vind.

Ek het besluit om die studie tot die een gesin te beperk. Die afbakening tot een gesin na 'n spesifieke land is noodsaaklik aangesien die belewenisse en situasies van persone wat oorsee verhuis so divers is. Die land waarheen verhuis word en dus ook die kultuur (taal, waardesisteem ens.) waarheen die verhuising plaasvind, die vermoë tot finansiële versorging van die gesin (wat kwalifikasies, beskikbaarheid van werk ens insluit), die ondersteuning wat die gesin kry van hulle familie en die gemeenskap waaruit hulle verhuis, die ondersteuning van die gemeenskap waarheen hulle verhuis, die klimaat van die nuwe omgewing, die hoeveelheid Suid-Afrikaners in die nuwe omgewing, gesinskultuur (geloofsaktiwiteite, aanpasbaarheid ens.) van die gesin wat verhuis, en nog vele meer faktore kan en behoort in ag geneem te word.
Daar is soveel faktore wat die invloed van 'n oorsese verhuising op gesins- en familieverhoudinge beïnvloed dat dit 'n onbegonne taak gaan wees om 'n kwantitatiewe studie te doen wat enigsins iets meer gaan oplewer as interessante statistiek. 'n Kwantitatiewe studie gaan moeilik al hierdie faktore in ag neem en tereg laat kom in 'n studieverslag.

Een van die pluspunte van narratiewe navorsing is juis dat dit 'n stem gee vir unieke belewenisse, binne 'n spesifieke konteks op 'n bepaalde tyd.

Die naspeuring van die verhaal van die Vermaak gesin het begin.

### 1.4.2 **Dataversameling**

Die Vermaak gesin is gevra om hulle belewenisse neer te skryf. Daar is gevra dat hulle vertel hoe dit gekom het dat hulle na Nieu-Seeland verhuis het, wat hulle ervaar het tydens die verhuising en die eerste jaar se aanpassing.

Dit het nie heeltemal so realiseer nie. Van die begin af het Wessel die rol as verteenwoordiger van die gesin ingeneem. Hy het geskryf van die oploop tot die verhuising. Daarna het hy in detail sy en die gesin se geloofsverhaal opgeteken.
Per e-pos is daar voortdurend kontak gehou en sake uitgeklaar. Ook is kommunikasie met van hulle familielede soms na my toe aangestuur.
Oor die tyd is daar gereeld telefoniese gesprekke gevoer.
Daar was ook geleenthede waar ons informeel bymekaargekom het en heelwat insig verkry is t.o.v. die emosionele belewenis van die hele verhuising.

Op hierdie stadium het twee goed begin gebeur. Aan die een kant het ‘n paar temas (gelei deur dit wat die Vermaaks gebied het) in die navorsing na vore getree. Die invloed van ‘n verhuising na Nieu-Seeland op gesins- en familieverhoudinge was steeds die oorhoofse fokus. Maar meer spesifiek het die aanpassingsproses, die oorvertel, die herskryf, van die gesin se verhaal my gefassineer. Spesifiek is hulle geloofsverhaal redelik radikaal herskryf.
Aan die ander kant het ek kennis gemaak met Müller se postfundamentele praktiese teologie (vgl 3.3.3). Dit het ‘n raamwerk gebied vir navorsing wat ‘n pertinente beweging wy aan God se teenwoordigheid binne die situasie - soos ervaar deur die medenavorser(s) sowel as die navorser.

Ek het verder besef dat daar nog heelwat onduidelikhede bestaan en wou seker maak dat Alet se verhaal en se perspektief ook tot volle reg kom. Gevolglik het ek Hawera toe gevlieg en drie dae (18-20 Maart) saam met die Vermaaks deurgebring.
Gedurende die tydperk is daar semi-gestruktureerde onderhoude (vgl Addendum A vir gespreksriglyne wat gevolg is) met hulle gevoer wat op band opgeneem is en later getranskribeer is.

Daar is weer eens gesprek gevoer oor narratiewe navorsing se uitgangspunte (vgl 3.3.2), en dus ook my uitgangspunt, t.o.v. medenavorser(s) en die proses.
Daar is ook weer aandag gegee aan etiese aspekte. Vertroulikheid is uitgeklaar. T.o.v. navorsingsintegriteit is verduidelik dat ek te alle tye gaan poog om hulle belange op die hart te dra en te poog om die studie ook tot hulle voordeel te laat wees (vgl 3.4.2). Daar is bevestig dat die navorsingsverslag in samewerking met hulle geskryf sal word en dat die finale verslag ook eers vir hulle deurgestuur sal word vir kommentaar en aanbevelings voordat dit gebruik sal word.
Klem is gelê op die feit dat hulle die gespreksagenda bepaal en die vryheid het om te sê as ‘n vraag of onderwerp hulle ongemaklik laat.
Ook is gesels oor die feit dat ‘n dik beskrywing van hulle verhaal, en ‘n kontrolering dat reg verstaan word, herhaling en oorvleueling beteken.

Met behulp van die voltooiing van genogramme is gepoog om die gesin asook die uitgebreide familiestruktuur en die onderlinge verhoudinge te verstaan. Sodoende is steeds ‘n beter konteks geskep waarbinne hulle verhale verstaan kon word.

### 1.4.3 **Strukturering van Data en Skryf van die Verslag**

Aan die hand van die raamwerk vir ‘n post-fundamentalistiese teologie (“Postfoundationalist Theology”) van Wentzel van Huyssteen, deur Müller (2004) ontwikkel in ‘n post-fundamentalistiese praktiese teologie (“Postfoundationalist Practical Theology”) is die data gestruktureer en die verslag geskryf.

Daar is dus eers ‘n konteks geskep vir die medenavorsers. Daar is beweeg van ‘n makrokonteks (4.1.1 Aotearoa/Nieu-Seeland) na ‘n meso-konteks (4.1.2 Hawera - die dorp waarin hulle woon), na die gesin se konteks (4.1.3). Nieu-Seeland is as konteks beskryf deur ‘n kort historiese oorsig (4.1.1.1) en ‘n sosiaal konstruksionisties gevormde Suid-Afrikaanse indrukke van Nieu-Seeland (4.1.1.2).

Die makrokonteks geld ook vir die navorser. Ter wille van deursigtigheid en subjektiewe integriteit is daar in 4.1.4 ook aandag gegee aan die navorser se persoonlike konteks. Daardeur is gepoog om die invloed van voorveronderstellings van die navorser te minimaliseer deur bewus te wees daarvan en dit te hanteer.

Tydens die beskrywing van die ervaring van die Vermaaks binne hierdie konteks (4.2) het ek besef dat daar tydens die hervertel van hulle verhaal reeds baie interpretasie plaasvind. Gevolglik is daar voortdurend met die medenavorsers gekommunikeer. Op die manier is die verhaal dan ook sosiaal-konstruksionisties geskryf. ‘n Prosesmatige benadering is ook gevolg t.o.v. vrywillige en ingeligte toestemming vir die doen van die navorsing en die skryf van die verslag.

Vervolgens is daar gepoog om die verhaal (verhale), of dan die beskrywing van die ervaring van die Vermaaks, te verdik en te verryk deur verdere interpretasie (4.3). Dit het duidelik geword dat die aanpassing in ‘n nuwe land van die gesin gevra het om hulle verlede te herinterpreteer sodat hulle hede sin kan maak en dit vir hulle moontlik is om ‘n geantisipeerde toekomsverhaal te kan hê.

Hierdie herinterpretasie van die verledeverhaal is genoodsaak deur die feit dat die verhuising na Nieu-Seeland hulle heersende diskoerse in gedrang gebring het. Enersyds het ou diskoerse nie meer in die nuwe konteks gewerk nie en is die ou diskoerse ook nie binne die nuwe konteks sosiaal-konstruksionisties in stand gehou deur die gemeenskap nie. Andersyds het hulle nou binne vele nuwe diskoerse gelewe wat hulle nie kan ontkom nie.

Daar is dus gepoog om die interpretasie verder te voer deur te kyk na die interpretasietradisies wat ‘n rol speel (5). Interpretasietradisies wat betrekking het op burgerskap en patriotisme, kerklike tradisie, opvoeding en die huwelik en gesin is ondersoek.

Hierdie hele proses is gedoen met insette en die medewerking van die medenavorsers.

Op hierdie stadium van die studie is daar ‘n eerlike poging aangewend om die teenwoordigheid van God binne hierdie verhaal te verwoord. Ek het diep onder die indruk gekom dat ek eintlik onwaardig voel om iets so heilig soos die verhouding tussen

‘n gesin en God te probeer verwoord en vas te vang in strukture. Hierdie verhouding is soveel meer kompleks en ryker as wat hier beskryf kan word. Dit was ‘n verligting om van die Vermaaks te verneem: “Ons is gemaklik met jou skrywe”.

Die volgende poging om die verstaan van die verhaal te verdiep en verryk was ‘n gesprek met veral die sielkunde. Hierdie gesprek, of dan interdissiplinêre verryking, het slegs deur literatuur plaasgevind. Insigte vanuit die sielkunde is gebruik om die proses wat persone deurgaan tydens en na die verhuising na ‘n nuwe land (die aanpassing) beter te verstaan. (7)

Die studie word afgesluit met deur die kristallisering van dit wat betrekking kan hê wyer as die navorser en die medenavorsers. (8) Dit behels ook die evaluering van die navorsing.

Mag hierdie studie help om die proses en ervaring van ‘n oorsese verhuising te verstaan, nuwe insigte te bring en ook uit te daag om persepsies te verander of te verryk.